STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

8 DESEMBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

## EREDIENSTE

| | | | 8 Desember | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Dietmann | 3 | | |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Potgieter | 11 | | |
| | | | **15 Desember** | | **22 Desember** | |
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Potgieter | 4 | Ds. Breytenbach | 1 |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Potgieter | 12 | Ds. Breytenbach | 13 |

**24 Desember**

19:00 tot 19:30 Sing Kersliedere in die kerk. Ds. René Potgieter

**25 Desember**

07:30 (Span 2/6) 08:30 (Span 3/7) 09:30 (Span 4/8) Kersdienste in die kerk.
Prediker: Ds. René Potgieter

| | | | 29 Desember | | 31 Desember |
|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Ackerman | 1 | Geen diens |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens/ Oujaarsdiens | Ds. Ackerman | 11 | Ds. Ackerman in die kerk |

## KERSETE VIR KLIPHEUWEL

Ons wil graag 'n Kersete vir die inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aanbied. Ons beoog om die ete aan 300 mense te bedien. Indien jy bereid is om te help met die bediening van die ete op Kersdag, 'n donasie wil maak, of met die voorbereiding van die ete behulpsaam kan wees, kontak asb. vir Schalk Burger 079 577 8268/schalk@shiloh.org.za.

### EREDIENS-WERKERS

Ons het dringend eredienswerkers vir 2020 by ons oggend- en gesinsdienste nodig. Jy sal ongeveer een keer per maand 'n diensbeurt behartig. Kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za/ 021 976 4519 indien jy jou hulp wil aanbied.

### DEUROFFERS

Geen deuroffers tydens die skoolvakansie nie, slegs op Kersdag.

## LERAARS AAN DIENS

Tydens die skoolvakansie is die volgende leraars aan diens:

1 tot 25 Desember: Ds. René Potgieter 079 893 8104/ rene@stellenberg.co.za

26 Desember tot 4 Januarie: Ds. Hanno Ackerman 079 543 5261/ hanno@stellenberg.co.za

## KERKKANTOOR

Neem asb. kennis dat die kerkkantoor vanaf 25 tot 31 Desember 2019 gesluit sal wees. Die kantoorpersoneel wens alle lidmate 'n vredevolle en geseënde Kersgety toe.

## DOOP VANDAG

Jaco en Annake Nel, Athenastraat 26, Ferndale, Brackenfell, laat doop vir Fourie Nel.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Joachim Andreas (Joggie) Bester, gebore 27/08/1935 en oorlede 29/11/2019. Joggie was sedert 1986 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente. Ons opregte meegevoel met Margie, sy vrou, La Gratitude 12, wat hy agterlaat. Sy roudiens is Maandag 9 Desember om 10:00 in die kapel.

## TOER NA DUITSLAND

Die vennootskap tussen Stellenberg en Fürstenfeldbruck bestaan reeds etlike jare en in 2020 is daar weer geleentheid om ons Beierse vriende in Duitsland te besoek en iets van hulle leefwyse te ervaar. 'n Toer met die opsie om die Passiespele in Oberammergau by te woon, asook 'n staptog in die berge saam met 'n plaaslike leraar en ervare bergklimmer, word vir 12 tot 25 Junie 2020 beplan. Kontak Dirk Brand by 079 553 4220 of dirkjbrand1@gmail.com voor 6 Des. vir meer besonderhede.

### GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

### BREIGROEP

Ons kom weer op 6 Januarie 2020 om 09:30 in die markplein byeen.

## VERKIES TOT DIE KERKRAAD

**Die volgende lidmate is as ouderlinge tot die kerkraad verkies:**

Daniël Burger (kinderbediening), St Malo 9.

Heleen du Toit (jongwerkendes), Chancery lane 14, Uitzicht

Dirk Heyneman (strategie), Mauritiussingel 4.

Leon Kampman (getuienis), Vredenbergrylaan 6.

Erhard Teubes (strategie), Constantiasingel 5.

Rudolph van Schoor (geestelike sorg), Ypresslot 5.

**Die volgende lidmate is herkies tot die kerkraad:**

Hannl Cronje (Ouderling vir strategie)

Mike Smuts (Ouderling vir strategie)

Dawie Malherbe (Diaken vir toerusting)

Simon Schaaf (Diaken vir getuienis)

Danie Claassen (Diaken vir fondse)

Cobus Botes (Diaken vir jeug)

Ons is dankbaar teenoor dié lidmate vir hulle diensbaarheid en bid hulle die Here se seën toe.

## DIE TIENDEMAANDINSAMELING

Hartlik dankie aan lidmate wat reeds 'n bydrae tot die insameling gemaak het. Die bedrag van **R1 066 848** is sover ingesamel. Ons mikpunt is R1 850 000 sodat ons die 2020-begroting kan laat klop. **Neem 'n plantjie:** Elke huisgesin word uitgenooi om een van die tarentaalplantjies as herinnering aan hul dankoffer te neem. Plaas jou dankoffer in enige koevert in die kollektebord, of maak 'n elektroniese oorbetaling na NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *tiendemaand* as verwysing.

NEHEMIA

BYBELINSTITUUT BIED AAN:

'n Deeltydse teologiese en praktiese geestelike kursus vir Christene verbonde aan enige denominasie. Die jaarkursus word deur sewe leraars aangebied en is geakkrediteerd by die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria. Indien werkstukke suksesvol ingehandig word, ontvang deelnemers 'n sertifikaat.

Begin 16 Januarie om 19:00 tot 21:00 by NG Kerk Bellville-Uitsig. Navrae:

Prof. Pieter Els

083 285 2617/ pjels@iafrica.com

## STELLENBERG-KOSPROJEK

Die kosprojek lewer tans voedselhulp aan 20 gesinne in die omgewing en ondersteun ook gesinne wat deur BADISA en die Ruyterwacht Senior Sentrum bygestaan word. Baie dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Bydraes met die oog op die Kersgety en Januarie 2020 is egter steeds baie welkom.

## INKOPIELYS VIR DIE KOSPROJEK

Ons doen 'n beroep op lidmate om niebederfbare produkte te skenk, of kontantbydraes per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing *KOSPROJEK* oor te betaal. Die kospakkies word aan gesinne in die omgewing, wat finansiële nood beleef, voorsien.

**Meel en pap:**

- Bruismeel
- Hawermout en Mieliemeel
- Weetbix

**Ander:**

- Macaroni en Spaghetti
- Sopmengsel
- Rys
- Koffie en Tee
- Suiker en Olie
- Langlewemelk
- Konfyt
- Grondboontjiebotter

**Blikkies:**

- Suikermielies en *Baked beans*
- Weense worsies
- Sojamaalvleis
- *Bully beef*
- Groente en Vis

**Toiletware:**

- Toiletpapier
- Sunlightseep (koekie)
- Badseep en Tandepasta

## BYBELS VIR KHAYELITSHA

Dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Daar is reeds 350 Bybels aangeskaf en versprei. Ons mikpunt is steeds om 500 Bybels voor die einde van die jaar in te samel. Bydraes vir die projek kan elektronies oorbetaal word na NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik asb. *Khayelitsha Bybels* as verwysing. Kontantbydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

STELLENBERG-GEMEENTE

SNAPSCANKODE